NGK Wellington-Noord

MacCronestraat 11 – Wellington – 7655
Tel/Faks: 021 873 2763 | **Pastorie:** 021 873 2765
Bankbesonderhede: ABSA, Wellington: 430 580 019
Like **www.facebook.com/wellingtonnoord**

E-pos adresse:
Francois Human: francois@wellingtonnoord.co.za
Johann Crous: crousjm@telkomsa.net
Marita Coetzee: marita@wellingtonnoord.co.za
Marius Otto: marius@wellingtonnoord.co.za
Johann Enslin: jenslin@hugenoteskool.co.za

25 Februarie



Hoofstuk

NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK
EEN LIGGAAM EN EEN GEES

Welkom by vandag se erediens!

Laat ons feesvier met die Ongesuurde brood van reinheid en waarheid

VANDAG SE PROGRAM

Predikant Ds. Francois Human	Orrelis Johann Enslin
09:00	**Erediens**
	Dienswerkers: Geen agv uitnaweek
	DEUROFFER: Instandhoudingsfonds
10:15	**Geen Kategese**
19:00	**Leefkerk:** Moederkerk

facebook

GAAN BESOEK GERUS ONS WEBBLAD:
www.wellingtonnoord.co.za of ons **FACEBOOK-BLAD:**
www.facebook.com/wellingtonnoord

NB

Wêreldbiddag vir mans – Ontbyt 07:00 by Wimpy – enigeen is hartlik welkom om dit by te woon.

Baie dankie vir verlede week se bankkollekte van R6248 en deurkollekte vir Arbeidsbediening van R1524.60. Ons het groot waardering vir gereelde offers. Aanstaande Sondag se offers gaan aan Jan Kriel Instituut.

Alimentasie/Kospakkies

Baie Baie Dankie vir ruim bydraes wat ons reeds ontvang sodat ons weer ander in nood kan help.

Tans verskaf ons op ‘n maandelikse basis aan 14 huisgesinne kospakkies in samewerking met die ACVV, wat huisbesoeke by elke gesin aflê en ‘n verslag opstel asook ‘n aanbeveling maak wat op ‘n gereelde basie opgedateer word. Die sakkies in die mandjies in die voorportaal waarvoor ons gemeente op ‘n gereelde basis kos aankoop volgens ‘n lysie binne-in die sakkie, word ook daarvoor aangewend. Bo en behalwe gereelde kospakkies is daar ook nog baie ander noodgevalle wat deur die leraar in samewerking met die skriba hanteer word, en waarvoor ons weer hierdie jaar vir ‘n uitgawe van R 180 000 begroot. Indien u enigsins ‘n geldelike bydrae vir hierdie projek wil maak, kan u die geld in ‘n koevert duidelik gemerk vir alimentasie in die kollektebordjie gooi, of by die kerkkantoor inhandig. Elektroniese oorbetalings is ook baie welkom. Die kerk se bank besonderhede is bo-aan die aankondigings.

Julle is die Sout vir die aarde

- **Water vir tuin** – Indien daar persone met boorgate of ander bronne is om dalk een keer ‘n tenk water te bring vir die kerk se tuin. Kontak asb vir Marius oor wanneer dit gebring kan word.
- **Kerkkantoor** sal by tye toe wees agv Marita se oog-operasie. Kontak vir Marius vir navrae.
- **Kerkalmanakke** in voorportaal. Let ook op Info op agterblad.
- **Eredienstye** vir kwartaal 1 en 4 – 09:00

Buitegrens Lidmate

Gemeentelede vanuit ander grense is Baie Welkom om by Wellington-Noord aan te sluit. In die voorportaal is lidmaatskap vorms wat u net asb vir ons kan invul en terug besorg aan die kerkkantoor vir die nodige aanvraag van u attestate. Ons verwelkom u graag en sal u in ‘n bestaande wyk indeel. Huidge buite-grens lidmate wat nog nie by ‘n wyk ingedeel is nie moet die kerkkantoor asb daarvan verwittig sodat ons u by ‘n bestaande wyk kan indeel, aangesien ons nie ‘n Buitewyk het nie.

Bybelskool

BYBELSKOOL word weer aangebied op Dinsdagaand 27 Februarie om 18:30 in die konsistorie en/of Woensdagoggend 28 Februarie om 09:30 in die konsistorie. Enigeen is baie welkom om dit by te woon.



Wees 'n Lig vir die wêreld

Preek: 18 Februarie – 1 Petrus 3:18-22

Lyding in Lydenstyd

Lydenstyd laat ons terug dink**.** As jy deur die album van jou lewe blaai – wie sou jy graag wou uitwys? Watter mense het 'n rol gespeel in jou lewe? Sommige is positief en ander negatief. 'n **Rolmodel** is 'n ware ambassadeur – jy kan regtig iets leer by daardie persoon. Mense luister baie keer na ander mense se stories. Ander mense vind die persoon se storie inspirerend. Jesus vind inspirasie uit ander mense, klein kinders…. Daar is eenmaal een mens gekruisig, maar ons hoef nooit weer gekruisig te word nie. Ons kan nie ophou nie, ons moet bly **volhard.** Jou kroon (prentjie) lyk anders as die ander s'n. God sê almal kan Hom vertrou. "Ek hoor volharding, maar u sê ek hoef niks te vrees nie". 'n Gekruisigde rolmodel het dit vir jou klaar gedoen, en is daar geen einde aan Sy liefde vir jou nie."Ek het die oorwinning behaal – jy is myne".

Wêreld Biddag



19:00 vanuit Moederkerk

Gedenkpilare

Ons beplan om eersdaags met die oprigting van gedenkpilare te begin. Die instandhouding word deur die gemeente waargeneem, en die administrasie word deur die Kerkkantoor hanteer. Kopers maak 'n keuse uit beskikbare nisse, waarna'n bewaringsooreenkoms by die Kerkkantoor geteken word. Die gravering word deur die koper gereël, en is nie by die prys ingesluit nie. Skakel die Kerkkantoor gerus indien u meer inligting verlang, of solank u naam wil opsit vir die koop van 'n nis.

KOMMUNIKASIE

Verjaarsdae!

Francois Hansen (25) – Liam Walters (26) – Madelaine Carstens (27) – Hardus Spamers (27) – Maryke van Heerden (27) – Paul Kotze (28) – Boet Malan (28) – Pierre van Schalkwyk(28) – Paul le Roux (1) – Deon Schlemmer (2) - Inge Botha (2) André van Rensburg (2) – Liana van Zyl (2) - Trudie de Jager (3) – Jannie van der Merwe (3) – Anouk Wright (3)

Lief en Leed

Ons dink in ons voorbidding aan Patrie Jordaan (kanker), Elize Henn (kanker), Oom Blom (kanker), Nico de Villiers (kanker), Sannie Nel en gesin met die verlies van Oom Johan Nel, Karel Basson (kanker) en Liezel Jansen van Vuuren (kanker)	